## LENTEDANKFEES 2017

Ons Lentedankfees is om die draai! DV op 1 September 2017 vanaf 17:00 hou ons weer in en om kerksaal lekker basaar! Vanaf 10:00 sal daar reeds 'n TEETUIN wees waar heerlike drinkgoed, koek en tert geniet kan word. Pannekoek sal ook vanaf 16:00 by die teetuin te koop wees. Die speletjies vir die kinders begin om 16:00 en die ouers kan dan in die teetuin kuier totdat die basaar om 17:00 open. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig!

- **KLEINKOEKIES**: Driekie en Angelique Strydom 6912955
- **BESKUIT en BROOD**: Marina Claassen 6912880
- **KOMBUIS**: Selma de Klerk 0845500554
- **SOSATIES EN HOTDOGS**: Aletta Hanekom 6932710
- **POEDING**: Annie van Zyl 6930440
- **KINDERTAFEL**: Jeanne Smit 6911450 of 0842843378
- **PANNEKOEK**: Driekie Muller 6904372 of 0762377928
- **GROOT KOEKE/TERTE**: Elise Claassen 6912813
- **KERRIEVIS**: Willa Thomas 0826643968
- **TEETUIN**: Marie Lofty-Eaton 0721422313
- **WIT OLIFANTE**: Dries Wheeler 6934504 en Tobie de Kock 0823271045
- **MARK en GESKENKE**: Carina Beyers 0825643633 of 6912426
- **TUISGEMAAKTE LEKKERS**: Elise Herselmann 6933776 of 0835606781
- **PASTEIE**: Joey de Jager 073 2988 142
- **VLEISTAFEL**: André Kritzinger 6932462
- **POTJIEKOS:** Leon en Lizzie Heunis 0835665888

**Die volgende word benodig:**

* Polistreenbakkies, foelieborde en 2L Roomysbakke
* Hoender vir die pasteie
* Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
* Vis vir Kerrievis
* Margarien, eiers, kookolie en suiker
* Helpers vir die afkook van wild
* Helpers om brood of koekies te bak
* Heuning, plantjies, mooi goedjies vir geskenke (handgemaak)





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 6 Augustus 2017

*"Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel en hom nie wend tot duister magte en tot mense wat hulle met skyngode ophou nie"* (Psalm 40:5).

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Hospitaalbearbeiding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader om 10:00 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerk (ds Robert) en 09:30 op Vleesbaai (ds André).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Magdalenahuis.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader nie (wel op Dinsdag 18:00 by Danie de Jagerstr 34). Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 in Santos 2 sitkamer.
Dinsdag 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr. Boekleesgroep 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Saambidgeleentheid om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Woensdag:** VROUEDAG. Geen Santos Haven Biduur.

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

***Die kerkkantoor sal Woensdag, 9 Augustus, gesluit wees—publieke vakansiedag.***

***Onthou ons gemeente se webblad is: www.suidkerkmsb.co.za***

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Spesiale offer Kenani Dienssentrum was R2 439-80.

**KOSKAS:** Augustus is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die kos-kas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae by Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**NUWE LIDMATE:** Pieter de Waal Louw en Renée A Louw Aalwyndal vanaf Kemptonpak Effata vir Dowes. Hartlik welkom!

**DROë VRUGTE:** Ongeskilde perskes (R65/kg) en pekanneute in dop (R120/kg) is by die kerkkantoor te koop.

**KOM WEES DEEL:** Woensdae vanaf 10:00—12:00 kuiergroepie vir dames. Bring jou brei– of hekelwerk kom kuier heerlik saam in die kerksaal.

**HERBERG KINDERHUIS:** Ons beplan om binnekort ´n pakkie na die Kinderhuis te neem. Die volgende word o.a. benodig: Skoonmaakmiddels (Poeierseep, "handy andy", skottelgoedseep, vadoeke). Toiletware (Shampoe, toiletseep, handeroom, waslappies). Koekies, lekkers en beskuit. Toebroodjiesmere (Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop, ens). Blikkies vleis, vis en tuna. Weense worsie, polonie en kaas. Grondbone en rosyne wat in kosblikke kan kom. Kontant ook welkom, dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie.



Daar is 15 kinders (slegs laerskooldogters) in Huis C. Handig asseblief in voor 8 Augustus by kerkkantoor. Navrae: Joey de Jager 073 2988142 of 044 6910116

**70 PLUSSERS:** Funksie verskuif na 18 Oktober 2017.

**FINANSIES:** Ons state toon dat ons R107 132 agter op ons dankoffers is. Ons doen 'n beroep op almal om daardie ekstra myl te stap in moeilike tye.

Die meeste van ons het al 'n klippie in 'n dam gegooi en die rimpels dopgehou. Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther 'n klippie in die kerkdam gegooi. Daardie gebeurtenis 500 jaar gelede word vanjaar wêreldwyd gevier as *Reformasie 500.* Ongeveer 145 gemeentes landswyd neem deel aan 'n reeks getiteld, *Vreugdevol Vry* (preekreeks en kleingroepe).

Ons begin DV op 13 Augustus met die reeks. Die temas is:

1. Hou op probeer - net genade
2. Ontvang rus - net geloof
3. Meer as genoeg - net Jesus
4. Ontdek hoe om te leef - net die Bybel
5. Die lewe is 'n lied - net tot eer van God
6. Voel God se ritme - om gestuur te wees




## BANKBESONDERHEDE

**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*



## GEBEDSBULLETIN

### *Tema vir Augustus: Vroue en Moeders*

"Here, hierdie week DANK ons U vir":
Die groot rol wat vroue in die gemeente vervul - kerkraad, bedieninge, byeen-Komste.
Vroue wat by kleuterskole, speelgroepe en veral die grondslagfase in skole, kinders vorm.
Vroue wat die geskiedenis van SA en die wêreld help herskryf het.
Die impak van organisasies soos die ACVV en VLV.
Baie ma's wat deesdae ook lang ure werk om te voorsien vir hulle gesinne.
Die vrug van die Hervorming (Reformasie) 500 jaar gelede - dat ons VREUGDEVOL VRY kan leef.

"Here, hierdie week BID ons tot U en vra":
Hospitaalbearbeiding (deuroffers). Bid vir verpleegpersoneel om die Here se liefde uit te leef; bid vir mense wat broos en soekend is om die Here daar te ontmoet.
Vir SA en die politieke woelinge - vir die genade om die Here se hand raak te sien. Dié week se mosie van wantroue - vertrou die Here dat sy wil al meer gesoek en gevolg sal word.
Augustus is Barmhartigheidsmaand in die NG Kerk. Bid hierdie week vir BADISDA se werk tov kinderhuise.
Augustus is orgaanskenkingsmaand. Bid vir mense wat wag vir skenkers; bid vir mense wat 'n besluit moet neem oor die afskakel van masjiene en die skenk van 'n geliefde se organe.
Vir ma's om rolmodelle vir hulle kinders te wees.
Reën vir ons area - sommige plase se watervoorraad is uitgeput.
Reën sodat die Weskaap se damme kan vol word. Bid tot die Here vir Knysna se situasie.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Ria Steyn Santos Haven, Heila du Toit Santos Haven, Pierre Swart Kokerboomstr, Piet Snyders Kokerboomstr, Adri Steenkamp Sigmastr, Tokkie Marx Fijnboschpark, Johan Meyer 12de Laan, Johan Honiball Vleesbaai, Riekie Janse van Rensburg Vleesbaai, Magriet de Villiers Danabaai Aftree oord.
STERFTE: Francois du Toit 21ste Laan (eggenoot van Hettie).

